

# 'n Eerbare huwelikslewe

Teks: Hebreërs 13: 1 - 9 & Sondag 41  
Teksvers: Hebreërs 13: 4

## 1. Inleiding

As daar nou een ding is, wat sentraal staan in die menslike samelewing, dan is dit die huwelik. Selfs vandag nog 'n sekulêre wêreld sien ons hoe baie moeite gedoen word, met veral die bevestiging van huwelike. Dit is trourokke, onthaalareas en koeke. En dan is daar natuurlik die huweliksbevestiger. Selfs in vandag se meestal sekulêre denke, is die behoefte daar dat die bevestiger ten minste een of ander geestelike persoon is.

Tog is dit gewoonlik waar die wêreld die geestelike verbintenis met die huwelik breek. Want vandag om ons is daar 'n baie hoë egskeding syfer. En dit is maar net die begin. Want die wêreld het verder ook baie te sê oor hoe die huwelik lyk. Wat presies kan ons definieer as huwelik. Natuurlik kom kulturele oortuigings en modes hier te sprake.

Daarom is dit nodig dat ons vandag voor die sewende gebod stil word. Sondag 41 bevestig vir ons dat die sewende gebod gaan oor die huwelik. Daarom val die fokus in die Woord van die Here op Hebreërs 13. In Hebreërs 13 word daar opdragte gegee oor die daaglikse lewe van gelowiges. En die reinheid van die huwelik, en spesifiek die huweliksbed is baie prominent in hierdie opdragte. Daarom natuurlik ons teksvers, as vers 4.

Uiteindelik sal onreinheid en ontrouheid in ons huwelikslewe, die toorn van die Here opwerk. Daarom is dit belangrik dat ons vandag eerstens weer stil word, voor die Bybelse definisie van die huwelik. Daarby moet ons weet hoe om hierdie huwelik so rein en eerbaar as moontlik te hou. Want ons sal laastens ook duidelik sien watter voordele sulke huwelike inhou.

## 2. Wat is die huwelik

Kom ons begin by die Here se definisie van die huwelik. Reg aan die begin voor die sondeval, voor sonde in die wêreld ingekom het stel God die huwelik in. Dit gebeur in Genesis 2:24: “<sup>24</sup>Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees.” Daarom is die definisie, nog voor die sonde gekom het duidelik. Die huwelik bestaan uit een man en een vrou wat mekaar aankleef. Enige iets anders is nie 'n huwelik nie, en word ook nie deur die kerk beskou as 'n huwelik nie.

Daar is veral twee redes waarom die Here die huwelik ingestel het. Die eerste het met die seksuele natuur van die mens te doen. Ons is geskape om ook fisiese seksueel aangetrokke te wees tot 'n ander persoon van die ander geslag. En juis daarom stel God die huwelik in, sodat daar 'n veilige ruimte is waarin hierdie seksueel behoeftes uitgeleef kan word. Daarom is die huwelik die vir die Christen gelowige die veilige plek waar 'n mens in 'n intieme verhouding met iemand van die ander geslag kan leef.

Tweedens word die huwelik natuurlik ingestel deur God, sodat daar 'n nageslag kan wees. En dat hierdie nageslag juis in 'n Godvresende beskermende omgewing kan groot word en ontwikkel. Daarom is die huwelik juis die plek waarbinne die nageslag behoort verwek te word.

## 3. Hoe lyk 'n eerbare huwelikslewe

Maar met die Bybelse definisie in gedagte, hoe lyk 'n eerbare huwelikslewe dan. Eerstens is die mens se behoefte aan seksualiteit gewoonlik die eerste plek waar die huwelik onteer word. Ons teksvers praat van die huweliksbed wat onbesmet moet bly. Maar wat beteken dit om die

huweliksbed te besmet? kom ons kyk na 'n paar praktiese voorbeelde.

Om die huweliksbed te besmet, behels enige onkuise seksuele optrede. Ons teksvers vat dit saam in in hoerery en egbreek. Maar kom ons kyk eers na egbreek. Egbreek behels die aksie van 'n ander derde party na die huweliksbed bring. Natuurlik behels dit die fisiese daad van seksuele omgang met iemand waarmee jy nie getroud is nie. Maar dit gaan ook verder. Dit is uiteindelik enige intieme verhouding met iemand waarmee jy nie getroud is nie. Want egbreuk eindig gewoonlik in die fisiese daad, maar begin al in die gedagte lank tevore. Daarom natuurlik die bekende woorde van Christus in Matteus 5:28 “Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg”.

Maar nou kom ons by hoerery. Die probleem met kuisheid en die sewende gebod, is dat mense dit maklik beperk tot mense wat alreeds in die huwelik leef. Maar die sewende gebod het natuurlik net so sterk boodskap aan ongetroudes. Dit is hier waar die term hoerery inkom. Want dit is die oortreding van die sewende gebod wat ons aantref by ongetroudes.

Daarom is hoerery enigtiets van voorhuwelikse seksuele omgang tot dinge soos homoseksualiteit en bestialiteit. Uiteindelik is dit duidelik hoe hierdie dinge die huweliksbed onteer. Daarom is hierdie dinge wat die Here nie ongestraf laat nie. Uiteindelik weet ons uit 1 Korintiërs 6 dat ons liggame die tempel van die Heilige Gees is. En enige iemand wat die tempel van die Here besoedel sal swaar gestraf word.

Omdat die mens maar so voortdurend vasgevang is in hierdie sonde, moet ons Verlossing by die Here gaan soek. In ons Here Jesus Christus is ons verlos en skoongewas om 'n rein lewe te kan lei. Daarom het ons nou 'n verantwoordelikheid om voortaan 'n rein lewe tot eer van die Here te leef.

## 4. Die voordele in 'n eerbare huwelikslewe

Die struktuur van die huwelik word deur die Here geskep om ons hier op aarde te versorg. Die huwelik is daardie intieme spasie waarin jy kan ontspan en versorg word. Natuurlik is dit ook die plek waar ek ten diepste my huweliksmaat versorg. Maar uiteindelik bied hier veilige spasie, die alternatief teenoor 'n bose wêreld daarbuite. 'n Wêreld waarin verhouding nie aangegaan word tot my voordeel nie.

Tweedens soos ons reeds gesê het is dit ook die veilige spasie waar kinders moet opgroei. Die Here weet hoe boos die wêreld daarbuite is, en dat kinders bewaar en beskerm moet word hiervan, solank as moontlik. Daarom is die struktuur van die huwelik van kardinale belang vir die opvoeding en ontwikkeling van kinders. Die kerk leef ook hierdie oortuiging uit in dinge soos die verbondsdoop en verbondsonderrig van ons kinders.

Die wêreld kyk dikwels neerhalend neer op die kerk se ortodokse siening van die huwelik en gesinslewe. Maar uiteindelik is dit ook juis die wêreld wat voordeel trek uit gesonde en stewige gesinstruktuur. Wat in hierdie strukture word die volgende geslag onderrig in dissipline en goeie orde. Die oorvloed maatskaplike probleme wat ons dikwels aantref by kinders uit 'n enkelouer huis, is 'n bewys hiervan.

Die laaste voordeel van 'n eerbare en aangename huwelikslewe kom uit die openbaring van God se woord. Telkemale word die kerk en die ons Here Jesus Christus met die bruid en bruidegom vergelyk. Die verhouding wat ons as kerk van die Here met die Here het word weerspieël in die huwelik. Daarom wanneer ons ook die voorreg het om 'n aangename huwelik te beleef, gee dit ook 'n besondere diepte aan ons verhouding met die Here. Die anderkant is natuurlik ook waar, afgodery en ontrouheid in my geloof, veroorsaak die selfde pyn en

hartseer vir die Here as wat 'n ontroue  
huweliksmat vir my sal veroorsaak.

## 5. Slot

Om af te sluit kan ons terugkom na die  
sekulêre sake in die begin. Ons leef  
vandag in 'n wêreld waar daar gesê word  
dat enige iets aanvaarbaar is, solank beide  
partye instem. En hiermee saam poog die  
media en televisie om homoseksualiteit op  
elke denkbare manier aan ons op te dis.  
Dit is natuurlik alles deel van 'n agenda  
om die siening rondom die sake te versag.

Daar word vandag in die samelewing  
maklik weggekruip agter die idee dat al  
hierdie oortuigings net outyds was, en nie  
meer vir die samelewing vandag geld nie.  
Tog het antieke kulture, veral by die eerste  
lesers van hierdie brief baie meer  
losbandig geleef. En partykeer kan dit voel  
asof daar oudmodies al die pret  
weggeneem wil word.

Maar dan kan ons net fokus op die laaste  
vers in ons teksgedeelte. Hier word  
verwys na die eetgebruike en ander  
oorlewerings wat geen voordeel vir die  
mens inhou nie. Maar ons teksvers oor die  
huwelik is duidelik nie hier ingesluit nie.  
Duidelik geld die heiligheid van die  
huwelik steeds vandag.

En dit is dan juis hier waar die kerk se taak  
ook vandag lê. Ons moet alles in ons  
vermoë doen om die heiligheid van die  
huwelik te bewaar. Daarom is die stem van  
die kerk nie altyd gewild in moderne  
gesprekke nie. En in 'n mens se swak  
sondig wil ons dalk ook nie altyd die kerk  
se stem hoor nie. Maar einde laaste bly dit  
'n saak van die sewende gebod. En soos  
met elke gebod bewys ons  
gehoorsaamheid ons dankbaarheid oor  
ons verlossing.

Amen